

DIE GESKIEDENIS VAN DIE WESLEYAANSE MOEDERGEMEENTE BLOEMFONTEIN EN SY ROL OP ONDERWYSGEBIED GEDURENDE DIE SOEWEREINITEITS- EN REPUBLIKEINSE PERIODE, 1850-1900

I. Stigting van die Wesleyaans-Metodistekerk

Die Wesleyaans-Metodistekerk het in die 18de eeu in Engeland ontstaan¹ as gevolg van die werk van John en Charles Wesley, bygestaan deur George Whitfield, John Fletcher en andere. Nieteenstaande vervolging en uitsluiting uit die Anglikaanse Staatskerk nie, het die Wesleyane weldra groot aanhang geniet en gemeentes is dwarsoor die Britse Eilande gestig; vanaf Ierland is die Metodisme na Noord-Amerika oorgedra waar dr. T. Coke die leidende figuur was. In 1813 is die Wesleyaans Sendinggenootskap, onder beheer van 'n Sendingkomitee, in die lewe geroep en die oorsese sendingwerk waarmee reeds twee jaar vantevore begin is, is nou met nóg groter ywer aangepak en steeds uitgebrei.

II. Vestiging van Metodisme aan die Kaap

Na die tweede besetting van die Kaap in 1806 is Wesleyaanse kerkdienste aldaar² deur 'n sersant Kendrick vir 'n aantal Britse soldate gehou wat tot die 21ste „Light Dragoon"-regiment behoort het. Op aandring van Kendrick het die Sendingkomitee in 1814 eerw. John McKenny na die Kaap gestuur, dog aangesien lord Charles Somerset, die Kaapse goewerneur, hom nie as leraar wou erken nie, het hy na 'n verblyf van 'n paar maande na Ceylon vertrek. Sy opvolger, eerw. Barnabas Shaw,³ het in April 1815 aan die Kaap geland en hy kan beskou word as die grondlegger van die Metodisme in Suid-Afrika. Gedurende die eerste kwart van die 19de eeu het die Metodisme oor Suid-Afrika versprei en vier sentrums

1. Du Plessis, J.: *A History of Christian Missions in South Africa* (Londen, 1911), pp. 165, 166; W. C. Holden, *A Brief History of Methodism and of Methodist Missions in South Africa* (Londen, 1877), pp. 52-68; J. Whiteside, *History of the Wesleyan Methodist Church of South Africa* (Londen, 1906), pp. 1, 14, 29. Volgens laasgenoemde skrywer het die naam „Metodiste" soos volg ontstaan: John en Charles Wesley het te Oxford saam met ander studente 'n Bybelstudiekring gestig. „They had set hours for reading the Bible, for self-examination and prayer, and they regularly attended the services of the Church. They were methodical in all they did, and, in derision, the college students gave them the name of 'Methodists,'" (p. 3).
2. Hewson, L. A., *An Introduction to South African Methodists* (Kaapstad, 1950), pp. 2-5, 12, 14; E. H. Hurcombe, *Our Missionary Story* (Kaapstad, 1928), pp. 1-7; G. B. A. Gerdener, *Die Blye Boodskap deur die Eeu in Suid-Afrika* (Kaapstad, g.d.), pp. 17-19; Whiteside, *op. cit.*, pp. 37, 55-57, 64, 67, 73, 169-193; Du Plessis, *op. cit.*, pp. 166, 167, 169-172, 174, 175; Holden, *op. cit.*, pp. 245-249, 266-268; W. Eveleigh, *The Story of a Century, 1823-1923* (Kaapstad, 1923), p. iii.
3. Whiteside, *op. cit.*, p. 37, beskryf hom soos volg: „Though tall and thin, he was strong, athletic, and vigorous . . . He had a taste for mechanics, and when occasion required he could make a plough or build a house with his own hands . . . No difficulty or opposition daunted his buoyant spirits . . ."

van aktiwiteite is ontwikkel, nl. die Westelike Provinse (Kaapstad⁴ en omgewing), die Oostelike Provinse (waar eerw. William Shaw⁵ wat saam met die Sephtongroep van die 1820-Setlaars uitgekom het, die leidende figuur was), Namakwaland en Betsjoeanaland.

III. Die Betsjoeanasending

In 1823 is die sendingstasie Makwassie in die Betsjoena-sendingveld deur die Wesleyaanse sendelinge S. Broadbent en T. L. Hodgson onder die Barolong gestig, dog drie jaar later is die stasie na Platberg aan die Vaalrivier verskuif. Teen 1833 het die Barolong vergesel van hul sendelinge en verskeie ander stamme in die buurt, weer eens verhuis, hierdie keer na die gebied ten weste van die Caledonrivier waar die sendingstasie Thaba 'Nchu, Platberg, Umpukani, Lishuani, Imperani en Merumetsu gestig is. Hierdie stasies, saam met dié in Betsjoeanaland, het die Betsjoeana- (later genoem die Bloemfonteinse) sendingdistrik gevorm en hulle het onder beheer gestaan van 'n eie distriksinode.⁶

4. Die eerste Wesleyaanse kerkgebou te Kaapstad is op 16 Junie 1822 deur dr. John Philip van die Londense Sendinggenootskap gewy. In hierdie verband skryf eerw. B. Shaw: „This was to me a day of gratitude and joy; for, on reviewing the past, I could recollect the time when we assembled for worship in a kind of *hay-loft*; in order to come at which we had to pass the heels of the horses in the stable beneath, and ascend an awkward and dangerous ladder.” Op 13 Februarie 1830 is 'n ruimer kerk en 'n pastorie in gebruik geneem. Die skool wat in verband met hierdie kerk opgerig is, word soos volg deur Shaw beskryf: „Our school consists of the greatest possible variety. Here are the *aged*, learning to spell with spectacles; and *babes*, who can just waddle to the school. Here are children of Heathens, Mohammedans, and Christians; children who are descendants of parents from all the four quarters of the globe; faces of every colour, and countenances of every expression; some slaves, as white as snow; some free, as black as jet”. (Holden,*op. cit.*, pp. 248-251).
5. Hoewel hy op hierdie tydstip skaars 21 jaar oud was, „William Shaw already possessed those qualities of burning zeal and inexhaustible endurance, of balanced judgment and deep piety, upon which so great a demand was to be made during the following decade of his life. Subsequent events proved that he was pre-eminently fitted for the unique and arduous task . . .” (W. Evel Leigh, *op. cit.*, pp. 11, 12). William en Barnabas Shaw was nie verwant nie.
6. Molema, S. M., *Chief Moroka — His life, his Time, his Country and his People* (Kaapstad, g.d.), pp. 13-41; Hewson, *op. cit.*, pp. 16-19; Du Plessis, *op. cit.*, pp. 176-181; Whiteside, *op. cit.*, pp. 326-337; Holden, *op. cit.*, pp. 364-368. In 1863 was daar reeds vyf Wesleyaanse sendingdistrikte, nl. die Kaapse, die Grahamstadse, die Natalse, die Queenstownse en die Betsjoeanadistrik, elk met sy eie distriksinode. Die distriksinodes was verantwoordelik aan die Londense Sendingkomitee van die Wesleyaanse Sendinggenootskap aan wie nie alleen alle korrespondensie gerig moes word nie, maar ook jaarliks verslag gedoen moes word; uittreksels uit dié korrespondensie is deur die Sendingkomitee in die vorm van *Missionary Notices* gepubliseer, terwyl die verslae die vorm van *Missionary Reports* aangeneem het. Vanaf 1883 was die verskillende distriksinodes verantwoording verskuldig aan die Suid-Afrikaanse Wesleyaanse Konferensie (Algemene Sinode) wat in daardie jaar tot stand gekom het; hierdie liggaam is in die uitvoering van sy taak bygestaan deur die Suid-Afrikaanse Wesleyaanse Sendinggenootskap (gestig in 1885) en die sendingkomitees wat vanaf 1887 in die verskillende distrikte bestaan het (Whiteside, *op. cit.*, pp. 406-416; Hewson, *op. cit.*, pp. 81-85).

IV. Stigting en Ontwikkeling van die Wesleyaanse Moedergemeente Bloemfontein, 1850-1900

Die feit dat die gebied tussen die Oranje- en die Vaalrivier vanaf 1848 meer staatkundige vorming gekry het, het tot gevolg gehad dat daar ook op kerklike gebied groot vooruitgang gemaak is: in Mei 1849 is ds. Andrew Murray as eerste *N.G.-leraar* te Bloemfontein bevestig; die eerste *Rooms-Katolieke* leraar in die Vrystaat was eerw. P. Hoendervangers wat in 1858 te Bloemfontein geplaas is; in 1859 is die eerste *Cereiformeerde* gemeente in die Vrystaat deur die heer J. J. Venter, Volksraadslid vir Kafferrivier, met die hulp van ds. D. Postma te Reddersburg gestig; in 1869 het die Duitse inwoners van Bloemfontein met behulp van die sendelinge van die Berlynse Sendinggenootskap wat te Bethanie werkzaam was, 'n *Evangelies-Lutherse Kerkgenootskap* gestig en ses jaar later het die gemeente sy eerste vaste leraar gekry, nl. eerw. P. Winter. Wat die Engelsgeoriënteerde kerkgenootskappe betref: die eerste *Anglikaanse* gemeente in die Vrystaat is in Julie 1850 deur eerw. W. A. Steabler te Bloemfontein gestig; soos reeds aangestip, het die eerste *Wesleyaanse* sendelinge in 1833 met sendingwerk wes van die Caledonrivier begin, terwyl die eerste blanke Wesleyaanse gemeente⁷ in Julie 1850 deur eerw. P. Smailes in die hoofstad gestig is; in 1883 is die eerste *Presbiteriaanse* gemeente in die Vrystaat te Harrismith deur eerw. James Gray tot stand gebring. Volledigheidshalwe moet ook gemeld word dat daar gedurende die republikeinse tydperk in die staatsdokumente ook melding gemaak word van die *Baptistekerk* en die *Joodse* godsdiens.⁸

Bloemfontein het na 1848 stadige maar bestendige groei getoon en dit is dus nie verbasend nie dat die Wesleyaanse Betsjoeana-distriksonode, in sitting te Platberg, op 25 Oktober 1849 die volgende besluit geneem het: „We recommend . . . that a Missionary be sent to Bloemfontein. It is the Capital of the Northern Sovereignty, an increasing town having both a white and coloured population and at a moderate distance from our stations. There is at present no minister either for the English or the Natives and we think it desirable that as early as possible a Wesleyan Missionary should be placed there”.⁹

Die Sendingkomitee in Londen het gehoor gegee aan die oproep en as 'n tydelike maatreël is eerw. Gotlob Schreiner,¹⁰ wat op hierdie tydstip in

-
- 7. Die ontwikkelingsgeskiedenis van hierdie gemeente en die werk wat gedurende die tydperk 1850-1900 deur hulle op die gebied van onderwys en opvoeding gedoen is, vorm die tema van hierdie opstel.
 - 8. Kriel, J. D., *Die Verhouding tussen Kerk en Staat in die Republiek van die Oranje-Vrystaat, 1854-1900* (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, nr. 1, van 1953), pp. 169, 214, 227, 249, 252, 253; Venter, *op. cit.*, p. 172; Unbound Papers, 1850-1871; Biskoy Gray and C. Barber, d.d. Grahamstad, 24/9/1850 (Anglikaanse Kerkargief, Bloemfontein; Session Minute Book, Harrismith, 22/4/1883 (Presbiteriaanse Kerkargief, Bloemfontein); Collins, *op. cit.*, pp. 311, 312.
 - 9. Minutes of the Thirteenth Annual Bechuana District Meeting, Platberg, 25/10/1849, art. 32.
 - 10. Die vader van die later bekende skryfster, Olive Schreiner.

die Wesleyaanse sendingveld wes van die Caledonrivier werksaam was, vir 'n paar maande na Bloemfontein gestuur.¹¹ Na oorlegpleging met eerw. William Shaw, die Algemene Superintendent van die Wesleyaanse Sendinggenootskap in Suidoos-Afrika, is eerw. Purdon Smailes egter in Julie 1850 op aanbeveling van die Distriksonode deur die Sendingkomitee as permanente leraar van Colesberg na Bloemfontein verplaas.¹² Die Distriksonode wat op 6 November 1850 te Bloemfontein sitting gehou het, het hul besondere ingenomenheid met hierdie stap van die Sendingkomitee betuig en bygevoeg: „All the brethren of the district were unanimously of the opinion that the latter place [Bloemfontein] was of such importance as to render its instant occupation by a Wesleyan missionary an indispensable duty”.¹³

Eerw. Smailes het met groot ywer aan die werk gespring en weldra was die reorganisasie van sowel die blanke gemeente in die dorp as die naturelle-gemeente in die lokasie voltooi; die dienste vir die blankes moes voorlopig nog in 'n woonhuis en dié vir die naturelle in 'n hut gehou word, terwyl die paar lidmate in die distrik met behulp van 'n ossewa besoek is.¹⁴ Dat Smailes egter bewus was van die toenemende belangrikheid van sy nuwe werkkring, getuig die verslag wat hy in 1850 voor die Distriksonode gelê het toe hy pas drie maande in Bloemfontein woonagtig was: „This newly established Town, containing a considerable and rapidly increasing population of English, including Troops and Civilians, Bechuanas, Fingoes, Hottentots and Emancipated Slaves, has been urged upon the notice of the District Meeting, on the ground of a considerable number of the members of our Churches in the Colony and the surrounding Missionary Stations resorting hither”.¹⁵

Nie net op kerklike gebied het eerw. Smailes sy plek volgestaan nie, maar hy het ook van die begin af aktief deelgeneem aan die Christelike openbare lewe van die dorp. So byvoorbeeld het hy op 1 Augustus 1850 as spreker opgetree by gelegenheid van 'n teeparty wat deur die „Total Abstinence Society” onder voorsitterskap van ds. Andrew Murray in die goewermentskolkamer gereël is. Hieromtrent berig *The Friend of the Sovereignty*: „The meeting was such as to gratify all who desire to see social happiness combined with human progress and improvement . . . The Rev. Mr. Smailes, the Wesleyan Minister of the town, addressed the

11. Collins, W. W., *Free-State — Reminiscences of a Lifetime in the Orange Free State, South Africa*, p. 25 (Bloemfontein, 1907).
12. Minutes of the Fourteenth Annual Bechuana District Meeting, Bloemfontein, 6/11/1850; *The Friend* (Bloemfontein), 21/3/1946 (Bloemfonteinse Eeuvesbyvoegsel); L. A. Hewson, „Early Methodism in the Free State”, *Bloemfontein Methodist Centenary, 1850-1950*, p. 10. Eerw. Schreiner het na die aankoms van Smailes na die sendingstasie Healdtown in die Kaapkolonie vertrek (Collins, *op. cit.*, p. 25).
13. Minutes of the Fourteenth Annual Bechuana District Meeting, Bloemfontein, 6/11/1850; C. E. Wilkinson, „The Story of the Century”, *Bloemfontein Methodist Centenary, 1850-1950*, p. 13.
14. Die naturelle in die lokasie is vanaf 1848 tot 1850 periodiek deur 'n sendeling van Thaba 'Nchu besoek (Whiteside, *op. cit.*, p. 344).
15. Minutes of the Fourteenth Annual Bechuana District Meeting, Bloemfontein, 6.11.1850; Hewson, *op. cit.*, p. 10.

party at some length, and it was highly gratifying to all present to listen to a stranger who has just come to settle amongst us, with the view of promoting every good work".¹⁶

Met die ontruiming van die Soewereiniteit deur Engeland in 1854 is eerw. Smailes na Burgersdorp verplaas en tot 1860 was die Bloemfonteinse Wesleyaanse gemeente dus sonder die dienste van 'n inwonende leraar. Gedurende hierdie tydperk is die gemeente maandeliks deur eerw. J. D. M. Ludorf van Thaba 'Nchu besoek.¹⁷ In 1858 het eerw. M. R. Every van die Anglikaanse gemeente ook uit Bloemfontein vertrek,¹⁸ met die gevolg dat die Engelssprekende ingesetenes van die hoofstad tydelik verstoke was van gereelde bediening van Woord en Sakrament deur vaste leraars. Om 'n oplossing vir die probleem te probeer vind, is daar in Maart 1859 'n vergadering van belanghebbende Engelse inwoners in Bloemfontein belé en by dié geleentheid is besluit om eerw. W. J. Thompson van Grahamstad as leraar te beroep; terselfdertyd is 'n subskripsielys geopen en R260 op staande voet beloof met die oog op die stigting van 'n kerkfonds.¹⁹



Die Eerste Wesleyaanse Kerkie in Bloemfontein, Opgerig 1867-68.

16. *The Friend of the Sovereignty*, 5.8.1850, 12.8.1850.
17. Wilkinson, *op. cit.*, p. 15, *The Friend of the Free State*, 29.9.1855.
18. Lewis, C. and Edwards, G. E., *Historical Records of the Church of the Province of South Africa* (Londen, 1934), p. 393; W. Crisp, *Some Account of the Diocese of Bloemfontein, in the Province of South Africa, from 1863 to 1894* (Oxford, 1895), p. 6.
19. Collins, *op. cit.*, p. 166. Behalwe in genoemde bron, word daar nêrens melding gemaak van eerw. Thompson of van die gesindte waartoe hy behoort het nie, nog in die kerklike stukke, nog in tydgenootlike bronne. Dit wil egter voorkom of hy 'n Wesleyaanse leraar was wat hom tydelik in die Kaapkolonie bevind het; volgens Collins het hy kort nadat die Bloemfonteinse beroep op hom uitgebring is, na Europa vertrek.

Eerw. Thompson kon as gevolg van swak gesondheid nie die beroep aanneem nie en daar is gevolglik in April weer 'n vergadering van Engels-sprekendes gehou by welke geleentheid die here W. Collins, G. Page, J. Dick, Thos. White en W. W. Collins — almal vooraanstaande inwoners van Bloemfontein — as 'n komitee benoem is om met die Algemene Superintendent van die Wesleyaanse Sendinggenootskap in Suidoos-Afrika te onderhandel met die oog op die verkryging van 'n vaste leraar. Die komitee het sy opdrag binne korte tyd uitgevoer en weldra die bemoedigende nuus ontvang dat die Superintendent die saak na die Sendingkomitee in Londen verwys het. Op 21 Oktober 1859 het eerw. W. Impey, die Superintendent, die komitee in kennis gestel dat eerw. T. Cresswell in Engeland as Wesleyaanse leraar vir Bloemfontein benoem is en dat hy nog dieselfde maand na Suid-Afrika sou vertrek.²⁰ Eerw. Cresswell en sy gesin het teen die middel van Februarie 1860 in Bloemfontein aangekom, en op 22 Februarie het die heer W. Collins namens die Wesleyaanse gemeente by die Volksraad aansoek gedoen om 'n teelaag vir die leraar wat pas gearriveer het.²¹ Hoewel 'n soortgelyke aansoek van eerw. P. Hoendervangers, die Rooms-Katolieke leraar, ontvang is, het die Volksraad besluit om slegs vir die Wesleyaanse leraar R200 op die begroting te plaas.²² Eerw. Cresswell het egter kort na sy aankoms ingewandskoors opgedoen en daar is vir sy lewe gevrees; na 'n lang siekbed het hy deels herstel, dog sy krakte was sodanig uitgeput dat hy nie meer die gemeentelike werk in Bloemfontein kon behartig nie en hy gevolglik in 1861 na die sendingtasie Platberg verplaas is.²³

Eerw. J. G. Morrow is vervolgens na Bloemfontein gestuur „and during the ten years of his pastorate Methodism took permanent root”.²⁴ Na aanleiding van die eerste preek wat hy in die hoofstad gelewer het, berig die pers: „We hesitate not to say . . . that in our estimation, the Wesleyan congregation of this place, and other church going inhabitants, may consider themselves fortunate”.²⁵

Morrow het hom onmiddellik na sy aankoms begin beywer vir die oprigting van 'n eie plek van aanbidding, aangesien die dienste nog steeds in lokale gehou moes word wat van tyd tot tyd deur goedgesinde instansies aan die gemeente beskikbaar gestel is. In 1866 het 'n mej. Cumming 'n sentraal geleë erf in St. Andrewstraat aan die Wesleyaanse gemeente geskenk en hier is die eerste Wesleyaanse kerkie in Bloemfontein volgens

20. *Ibid.*, p. 167.

21. Volksraadsbylaes, nr. 200, p. 259: memorie van W. Collins en andere, d.d. Bloemfontein, 22.2.1860.

22. *Notulen der Verrichtingen van den Hoogedelen Volksraad* (Bloemfontein, 1871), 23.2.1860. Hoendervangers het in 1859 en 1860 aansoek gedoen om staatsondersteuning, dog sonder sukses. In laasgenoemde jaar het die Volksraad besluit dat „aan den Heer Hoendervangers zal kennis worden gegeven dat de Raad hem by deze die verzekering geeft, dat het zyn stellig plan is om nimmer de Rooms-Catholieke godsdienst te beschermen” (*Ibid.*, 23.2.1860).

23. *Bloemfontein Methodist Centenary, 1850-1950*, p. 11; Whiteside, *op. cit.*, p. 345; Collins, *op. cit.*, p. 167.

24. Whiteside, *op. cit.*, p. 345.

25. *The Friend*, 8.3.1861.

'n plan ontwerp deur die heer Richard Wocke, opgerig.²⁶ Op 19 Augustus 1867 is die hoeksteen van die gebou deur mev. Morrow in teenwoordigheid van president J. H. Brand, die boukommissie en 'n groot aantal belangstellendes gelê; onder die hoeksteen is 'n perkamentrol geplaas wat die name bevat het van die Staatspresident, die voorsitter van die Wesleyaanse Konferensie (Algemene Sinode) in Engeland en die lede van die bou-



Eerwaarde James Scott, Leraar van die Bloemfonteinse Wesleyaanse Gemeente, 1871-79 en 1887-96.

26. Wocke was destyds 'n bekende argitek en bouer in Bloemfontein, en gedurende die Republikeinse tydperk het hy onder ander ook die volgende geboue in die hoofstad opgerig: die Anglikaanse katedraal (begin in 1865), die Nasionale Monument wat opgerig is ter nagedagtenis aan kommandant Louw Wepener en die manne wat gedurende die Basoeto-orlog van 1865/66 gesneuwel het (voltooi in 1871), die Goewermentsgebou aan die bopunt van Maitlandstraat teen 'n koste van R36.000 (begin in 1874) en die Damesinstituut „Eunice“ (waarvoor hy slegs die planne verskaf het, 1875); Collins, *op. cit.*, 205, 306, 314, 315; *The Friend*, 1.6.1871 (hoofartikel).

kommisjie, asook verskillende muntstukke en papiergeldnote. Op Goeie Vrydag 1868 is die kerk deur eerw. J. Scott van Thaba 'Nchu geopen, bygestaan deur ds. Gilles van de Wall, die Bloemfonteinse N.G.-predikant. *The Friend* merk in hierdie verband op: „The chapel . . . is certainly an ornament to the town, and does great credit to the community who erected it”.²⁷ Die totale koste van die gebou, insluitende die harmonium, het sowat R3,262 bedra. Weens die bemoeiinge van eerw. Morrow is kort tevore ook 'n klein maar stewige naturellekerk van klip in die Bloemfonteinse Waaihoeklokasie opgerig op 'n standplaas wat deur die Stadsraad geskenk is; benewens die dienste vir blankes, het Morrow elke Sondag ook hier 'n diens vir die naturelle gehou. In April 1870 is Morrow na Fort Beaufort verplaas, na 'n uiters suksesvolle bediening van byna nege jaar tydens welke periode hy nie alleen vriendskaplike betrekkinge met die Staats-president en die Volksraad aangeknoopt het nie, maar ook met die Anglikaanse en N.G. Kerk, betrekkinge wat in die toekoms sou voortduur en wat nog baie sou beteken vir die Wesleyaanse Kerk in die Vrystaat in die algemeen en die Bloemfonteinse gemeente in die besonder.²⁸

Eerw. Morrow is opgevolg deur eerw. J. Thorne wat op daardie tydstip (1870) sendingwerk in die gebied wes van die Caledonrivier gedoen het. Na 'n verblyf van skaars 'n jaar is hy op sy beurt opgevolg deur eerw. James Scott wat vanaf 1859 tot 1871 sendeling te Thaba 'Nchu was.²⁹ Gedurende sy ampsbediening het die Wesleyaanse kerk in Bloemfontein besonder snelle vordering gemaak en sy gemeente het weldra ook Presbyteriane, Kongregasionaliste, Baptiste en Lutherane ingesluit; en hoewel hierdie mense nie presies dieselfde leer as die Wesleyane bely het nie, „. . . Mr. Scott's catholic spirit and instructive ministry won their respect and affection”.³⁰

As gevolg van hierdie uitbreiding in die getal lidmate kon die kerkgebou wat in 1867/68 opgerig is, weldra nie meer die gemeente huisves nie, met die gevolg dat dit in Julie 1873 vir R2,200 aan die stadsraad verkoop is wat dit as stadssaal wou gebruik. Daar is dadelik begin met die oprigting van 'n nuwe, ruimer kerkgebou op die hoek van Maitland- en Wesburgerstraat en op 3 Desember 1873 is die hoeksteen van die gebou deur president Brand gelê. Teen die middel van Julie 1875 was die nuwe kerkgebou voltooi. Die gebou wat in die pers beskryf is as 'n „elegant and commodious structure”, kon 300 persone huisves, het 'n binnemaat van 67 x 32 voet gehad (afgesien van 'n konsistorie van 20 x 18 voet), is ontwerp deur die heer W. B. Langford, en het sowat R5,000 gekos om op

27. *The Friend*, 20.3.1868.

28. *Missionary Reports of the Wesleyan-Methodist Missionary Society* (1826-1899), 1865; *The Friend*, 2.10.1864; Wilkinson, *op. cit.*, p. 17; Whiteside, *op. cit.*, p. 345; Collins, *op. cit.*, pp. 204, 275.

29. Molema, *op. cit.*, p. 193; *Bloemfontein Methodist Centenary*, 1850-1950, p. 11.

30. Whiteside, *op. cit.*, p. 346.

te rig. Na voltooiing daarvan is 'n pastorie vir eerw. Scott langsaan opgerig.³¹



*Die Nuwe Bloemfonteinse Wesleyaanse Kerkgebou en Pastorie,
Opgerig 1873-75.*

Soos reeds opgemerk, het die gemeente onder Scott se leiding vinnig voortuitgegaan — hy was dan ook een van die bekwaamste manne van sy tyd en het besonder baie vir die Wesleyaanse Kerk nie alleen in Bloemfontein nie, maar ook in die Vrystaat beteken. Hy was jare lank voorstander van die Bloemfonteinse (Vrystaatse) Distriksonode en by twee geleenthede, nl. in 1892 en 1897, is hy gekies as Moderator (President) van die Suid-Afrikaanse Konferensie (Algemene Sinode) van die Wesleyaanse Kerk. Die volgende is 'n uittreksel uit die adres wat hom op 'n openbare vergadering in Bloemfontein aangebied is by geleentheid van sy verkiezing tot Moderator in 1892: „Methodism in Bloemfontein owes much, nay, nearly all, to your tact and loving care, nor is it Methodism alone which has to acknowledge its indebtedness . . . The general esteem in which you are held by all classes of the community is sufficient proof that narrowness and exclusiveness have found no place in your Church government, and we rejoice that your labours have at length been recognized by your elevation to the highest dignity in the gift of the South African Methodist

31. *The Friend*, 8.7.75, 22.7.75; Wilkinson, *op. cit.*, p. 17; Whiteside, *op. cit.*, p. 346; Collins, *op. cit.*, p. 309. Die voorste bank in die kerk is toegesê aan die Staats-president en sy familie, en presidente J. H. Brand, F. W. Reitz en M. T. Steyn en hul families het dan ook periodiek die dienste alhier bygewoon.

Church. We are confident too, that in your hands the work of God and the cause of Methodism, will prosper . . . ”³²

Eerw. Scott het hom besonderlik vir die saak van die opvoeding beywer en deur die jare dan ook 'n uiters waardevolle hydrae in dié verband gelewer. In 1873 is die Bloemfonteinse Bewaarskool op sy voorstel gestig en die volgende jaar het hy aktief meegewerk by die stigting van die Damesinstituut „EUNICE”, die groot staatskool wat weldra saam met die Greykollege aan die hoof van die Republikeinse onderwysstelsel gestaan het. Vir baie jare het hy op die beherende liggeme van hierdie twee instittings gedien, sowel as op die kuratorium van die Greykollege en die skoolkommissie van die Bloemfonteinse distrik. Daarbenewens het hy op die besture van verskillende ander liggame, bv. die „Bloemfontein Benevolent Society”,³³ gedien.

In 1876 het eerw. G. T. Perks³⁴ 'n besoek aan Bloemfontein gebring. Hy berig aan die Sendingkomitee in Engeland dat hy twee goeie Wesleyaanse kerke, een vir blankes en een vir naturelle, in Bloemfontein gevind het, op hierdie geboue, wat saam R14,000 gekos het, het nog slegs 'n skuld van R2,400 gerus. Van eerw. Scott sê hy: „Methodism in Bloemfontein owes much to the high character and untiring energy of the Chairman [van die Distriksonode], who is reverenced and loved by all who know him . . . On the whole, I have been much pleased with the state of our work in the metropolis of the Free State. Some of the most influential inhabitants, including the President, have sittings in the chapel, frequently attend our services, and take a deep interest in our prosperity”.³⁵

Eerw. Scott het Bloemfontein vanaf 1871 tot 1879 bedien. In 1887 het die Bloemfonteinse Wesleyaanse gemeente onderneem om sy passaat vanaf Engeland, waar hy op daardie tydstip vertoeft het, na die Kaap te betaal, en so het dit gebeur dat hy weer in genoemde jaar leraar van die Bloemfonteinse gemeente geword het. In Julie 1896 is eerw. Scott egter na Durban verplaas en *The Friend* het geskryf dat Bloemfontein daardeur 'n byna onherstelbare verlies gely het en dat die dorp in die toekoms nie meer dieselfde sou wees nie. Die redakteur vervolg: „It is Mr. Scott

32. *The Friend*, 10.5.1892.

33. *The Friend*, 8.7.1875, 15.3.1895; I. S. J. Venter, *Die Geskiedenis van die Dames Instituut „Eunice” Bloemfontein* (ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, Vrystaatse Universiteit, 1950), pp. 12, 41, 161, 163.

34. Eerw. Perks het spesiaal van Engeland gekom om die tweede Algemene Driejaarlikse Vergadering („Triennial Meeting”) van die Wesleyaanse Kerk in Suid-Afrika as verteenwoordiger van die Londense Sendingkomitee by te woon. Die eerste Driejaarlike Vergadering is in Februarie 1873 te Grahamstad gehou, die tweede te Durban en Pietermaritzburg in 1876 en die derde in Junie 1880 te Queenstown. Uit hierdie Driejaarlikse Vergaderings het die Suid-Afrikaanse Wesleyaanse Konferensie (Algemene Sinode) ontwikkel, die eerste sitting waarvan in 1883 te Kaapstad plaasgevind het (Whiteside, *op. cit.*, pp. 410-414; Hewson, *op. cit.*, pp. 82-85).

35. *Missionary Notices relating principally to the Foreign Missions, first established by the Rev. John Wesley, A.M., the Rev. Dr. Coke, and others; and now carried on under the direction of the Methodist Conference*, vol. VIII, 1876, p. 121; G. T. Perks aan Londense Sendingkomitee, d.d. Queenstown, 21.2.1876.

who has made the Methodist Church in Bloemfontein — we may go further and say, the Free State — what it is". Nie alleen was hy 'n skitterende prediker nie, maar ook op so vele ander gebiede het hy hom onderskei. „It would scarcely be possible to enumerate the varied capacities in which he has in some way or other contributed to the improvement and advantage of the community . . . In fact, it is not too much to say that the citizens of Bloemfontein generally will mourn his departure as sincerely as his own congregation. His irrepressible energy and cheery optimism, his unfailing tact, his helpfulness and sympathy towards the stranger, the sick, and the poor, marked him out as one among a thousand, and wherever he goes he will be followed by the respect and affection of a host of friends. One of the busiest men, he always found time for a helpful deed or a kindly word".³⁶ Op 3 Julie 1896 het die Bloemfonteinse publiek tydens 'n funksie in die stadsaal afskeid geneem van eerw. Scott en sy familie.

Opsommender wys word die name van die Wesleyaanse leraars genoem wat agtereenvolgens gedurende die tydperk 1850 tot 1900 Bloemfontein bedien het:³⁷

Eerw. Purdon Smailes	1850-1854
Vakant	1854-1860
Eerw. Timothy Cresswell	1860-1861
" John G. Morrow	1861-1870
" J. Thorne	1870-1871
" James Scott	1871-1879
" R. F. Hornebrook	1879-1880
" Wesley Hurt	1880-1882
" Harvey Wilkinson	1882-1883
" Henry S. Barton	1883-1884
" G. Maben Slade	1884-1887
" James Scott	1887-1896
" Geo. A. Theobald	1896-1897
" C. Stuart Franklin	1897-1903

Die volgende mede-leraars was ook in Bloemfontein werkzaam:³⁸

Eerw. J. Parsonson	1875-1877
" Chas. Baker	1885-1886
" Joseph Ward	1889-1890
" W. A. P. Thomson	1892-1894
" Ed. H. Hudson	1894-1896

Al bogenoemde leraars, ook dié wat slegs vir kort tydperke in Bloemfontein werkzaam was, het hul plek in sowel die gemeentelike as maatskaplike lewe volgestaan en steeds help voortbou op die fondamente wat hul voorgangers gelê het. Nie alleen het hulle die blanke gemeente bearbei

36. *The Friend*, 7.7.1896.

37. *Bloemfontein Methodist Centenary*, 1850-1950, p. 11.

38. *Ibid.*, p. 12.

nie, maar ook die naturellegemeente in die Waaihoeklokasie; en hoewel daar met verloop van tyd naturellekatete en -lekepredikers aangestel is, het die blanke leraars nog steeds toesig oor die naturellegemeente gehou.

V. Rol van die gemeente op Onderwysgebied

1. Sondagskole

(a) Die Sondagskool vir blankes

Die eerste Wesleyaanse Sondagskool in Bloemfontein is in 1860 deur eerw. T. Cresswell begin. Kort na sy aankoms in die Vrystaatse hoofstad skryf hy aan die Sendingkomitee in Engeland: „We have a small Sunday School of about thirty children; some of the older ones are under deep religious impressions; but we are much in want of Bibles, Testaments, Catechisms, Reward Books, and Tickets”.³⁹ 'n Jaar later berig eerw. J. G. Morrow: „Our Sabbath-school, though small, gives us encouragement. The Teachers love God, and devote themselves willingly and zealously to their work. The attendance of the Scholars is regular; they apply themselves diligently to their lessons; and their general conduct is praiseworthy”.⁴⁰ In November 1864 het *The Friend* tydens die jaarlikse prysuitdeling van die Sondagskool berig dat die meer as dertig leerlinge reeds verblydende vooruitgang gemaak het, „many of whom, were it not for the Sunday School, would otherwise have been running about the streets and getting into all kinds of mischief and trouble”.⁴¹

Vanaf 1865 het die Sondagskool vinnig vordering gemaak; hierdie vooruitgang was te danke aan die feit dat die bevolking in Bloemfontein toegenem het en dat eerw. Morrow uitstekende leiding as superintendent gegee het. Die getal leerlinge en onderwysers het verdubbel⁴² en 'n klein Sondagskoolbibliotheek is geopen.⁴³

Eerw. Wesley Hurt, leraar te Bloemfontein vanaf 1880 tot 1882, het hom besonderlik vir die Sondagskool beywer en in 1881 aan die Sendingkomitee geskryf: „The Sabbath School and Bible classes are in a most vigorous and encouraging condition, and as we look to the youth of our Congregation, we take courage for the future”.⁴⁴ Die volgende jaar het die sendingrapport berig dat die Wesleyaanse Sondagskool die beste van sy soort in Bloemfontein was. Beide onderwysers en leerlinge was getrou in die uitvoering van hul pligte, dog die behoefte aan 'n aparte Sondagskoolgebou is sterk gevoel; tot op daardie datum is die Sondagskool nog altyd in die kerkgebou gehou.⁴⁵

39. *Missionary Reports*, April 1861, p. 71. Elke leerling het 'n kaartjie („ticket”) ontvang om te bewys dat hy lid was van die Sondagskool; dié kaartjies is kwartaalkiks hernieu.

40. *Ibid.*, April 1862, p. 78.

41. *The Friend*, 11.11.1864.

42. *Missionary Reports*, 1865.

43. *The Friend*, 8.3.1867.

44. *Missionary Reports*, 1881, p. 144.

45. *South African Reports*, 1882, 1884.

In September 1884 is die prysuitdelingsfunksie deur 'n groot aantal belangstellendes in die Wesleyaanse kerk bygewoon. Nadat die Staats-president die pryse vir die beste opstelle (oor Bybelfigure) uitgedeel het, is die jaar- en finansiële verslag voorgelees waaruit gevlyk het dat die Sondagskool in 'n florerende toestand was. „His Honor the President expressed his gratification at the reports read, and congratulated the pupils upon the kindly remarks their teachers had, with such good reason, felt called upon to make with regard to the progress they had made”.⁴⁶ Twee jaar later berig die nuutgestigte Suid-Afrikaanse Wesleyaanse Sendinggenootskap onder andere aangaande Bloemfontein: „The Sunday-school has been maintained in a state of efficiency. The teachers are devoted to their work, and attend with exemplary regularity”.⁴⁷

Gedurende eerw. James Scott se tweede termyn as Bloemfontein se leraar het die Sondagskool nog verder uitgebrei en daar is nou jaarliks 'n Sondagskoolfees gehou om die stigting van die skool (in 1860) te herdenk.

In 1888 het uit die rapport van die Sondagskoolsuperintendent (eerw. Scott) gevlyk dat daar 96 leerlinge en 11 onderwysers aan die skool verbonde was en dat die gemiddelde bywoning op 80 te staan gekom het.⁴⁸ Die rapport van die Suid-Afrikaanse Wesleyaanse Sendinggenootskap het in hierdie jaar in verband met Bloemfontein gemeld: „A Bible Class for young people is helpful towards decision for God and Church membership”.⁴⁹

Gedurende die jare 1890-91 is 'n netjiese Sondagskoollokaal teen 'n bedrag van R2,800 in Elizabethstraat opgerig; die kamer sou ook vir ander gemeentelike doeleinades gebruik word.⁵⁰ In eersgenoemde jaar was daar 172 leerlinge op die register en in 1891 het die Sondagskool reeds die rekordgetal van 215 leerlinge op die register gehad⁵¹ en daar is ook begin met 'n voorbereidingsklas vir Sondagskoolonderwysers.⁵² Agt jaar later het die aantal leerlinge op 250 te staan gekom.

In Junie 1891 het die heer A. W. Smart, voorheen onderwyser aan die Greykollege, 'n privaat-dagskool in die Sondagskoolsaal in Elizabethstraat geopen. Hy het tegelykertyd superintendent van die Wesleyaanse Sondagskool geword, en uit die persverslae blyk dat hy hom uitstekend van sy taak gekwyt het. In Oktober 1892 berig *The Friend* byvoorbeeld by geleentheid van die Sondagskoolfees: „Mr. Smart must have worked very hard in training his scholars, but he must also have felt amply repaid at the brilliant success which crowned his efforts.” Daar is nou ook voorsiening gemaak vir 'n Sondagskoolklas vir jong manne.⁵³

46. *De Express*, 25.9.1884.

47. *South African Reports*, 1886.

48. *De Express*, 2.10.1888.

49. *South African Reports*, 1888.

50. *De Express*, 23.12.1890; Wilkinson, *op. cit.*, p. 17.

51. *Ibid.*, 20.11.1891.

52. *South African Reports*, 1891.

53. *The Friend*, 11.10.1892.

In 1894 het die getal leerlinge so uitgebrei dat die lokaal in Elizabethstraat te klein geword het en 'n deel van die leerlinge dus in die pastorie onderrig moes word.⁵⁴ Die Sendinggenootskap het berig: „This school continues to maintain its efficiency, and exercise a great influence for good”.⁵⁵

In 1896 het president Steyn voorgesit op die jaarlike Sondagskoolbyeenkoms. Die Staatspresident het daarop gewys dat hy homself as een van die stigterslede van die Wesleyaanse Sondagskool beskou aangesien hy die skool bygewoon het toe dit jare vantevore tot stand gekom het en daar nog slegs tien of twaalf leerlinge op die register was. „He regarded Sunday Schools as the armoury whence they got the arms to battle with the trials and temptations of life.” Volgens die President was die Sondagskoolonderwyser „. . . engaged in the important work of laying the foundation for that high and moral sense without which no nation could prosper”.⁵⁶

(b) *Die Sondagskool vir nie-blankes*

Vanaf die stigting van die Bloemfonteinse naturellegemeente in 1850 het in verband daarmee 'n Sondagskool bestaan waar die leerlinge nie alleen die elementêre godsdienstige begrippe bygebring is nie, maar ook die kuns om te lees en te skryf. Dit was egter 'n probleem om geskikte Sondagskoolonderwysers te vind, terwyl die bywonning van die leerlinge dikwels ook veel te wense oorgelaat het.⁵⁷ In 1877 en weer in 1879 het die Sendingkomitee egter berig dat die Sondagskool vir naturelle in 'n florenderende toestand verkeer,⁵⁸ en hierdie stand van sake het voortgeduur tot 1887, toe daar gerapporteer is: „The school lacks organisation and competent teachers. Efforts are being made towards improvement”.⁵⁹

Teen 1890 is daar van drie voertale in die Sondagskool gebruik gemaak, nl. Engels, Hollands en Sotho; by die lees van die Bybel en die verduideliking van die Kategismus is uitsluitlik van Sotho gebruik gemaak. Die Sondagskoolrapport van hierdie jaar het egter daarop gewys dat hoewel daar heelwat klasse was, daar slegs in die twee klasse wat deur blankes waargeneem is enige sprake van werklike onderwys was. In 1892 is berig dat die Sondagskool nog steeds in 'n onbevredigende toestand verkeer het, en twee jaar later heet dit: „. . . the lack of organization is lamentable”. Tot aan die einde van 1899 het die Sondagskool vir naturelle 'n sukkelbestaan gevoer, hoewel daar 'n jaar voor die uitbreek van die oorlog 145 leerlinge op die register was wat deur 8 onderwysers onderrig is.⁶⁰

2. *Skool-onderrig aan nie-blankes*

Kort na sy aankoms in Bloemfontein in Julie 1850 skryf eerw. Purdon Smailes 'n brief aan majoor H. D. Warden, die Britse Resident, waarin

54. *Ibid.*, 2.4.1895.

55. *South African Reports*, 1894.

56. *The Friend*, 27.3.1896.

57. *Missionary Reports*, 1850-1879.

58. *Ibid.*, 1877, 1879.

59. *South African Reports*, 1887.

60. *Ibid.*, 1889, 1890, 1892, 1894-1899.

hy namens die Wesleyaanse Sendinggenootskap aansoek doen om gesikte standplase in die lokasie vir die oprigting van 'n kerk, 'n pastorie en 'n skoolkamer. Op 13 Augustus 1850 antwoord Warden dat hy dit op homself neem om die gevraagde stuk grond aan die Wesleyaanse Sendinggenootskap toe te ken en die saak hoef dus nie eers na die Hoë Kommissaris verwys te word nie, „ . . . as the granting of land at Bloemfontein for Religious purposes is in accordance with His Excellency's views and wishes".⁶¹

Hoewel kerkdienste gereeld vanaf 1850 vir die Betsjoeanas en Fingoes in die lokasie gehou is, is 'n kerkgebou eers in 1865 opgerig. 'n Klein dagskool, onder beheer van 'n naturelle-onderwyser, is in 1873 in die kerkgebou begin en die werksaamhede het onder toesig van die blanke leraar gestaan. Die onderrig was aanvanklik van baie elementêre aard en slegs die kuns om te lees, te skryf en te reken is bygebring; later is grammatika en aardrykskunde bygevoeg.⁶²

Met die verloop van jare het die behoefte aan opgeleide naturelle-helpers al dringender geword. Die gevolg was dat die Vrystaatse Distrik-sinode in 1874 besluit het om 'n opleidingskool vir naturelle-kategete te Bloemfontein op te rig. Eerw. George Scott, voorheen van Fauresmith, is as eerste hoof van die inrigting aangestel en hy is bygestaan deur sy broer, eerw. James Scott, die Bloemfonteinse leraar. Daar is begin met sewe jong naturelle wat almal reeds 'n tyd lank as klasleiers of lekepredikers te Thaba 'Nchu opgetree het. Die sekulêre vakke soos aardrykskunde en rekenkunde is deur die naturelle-dagskoolonderwyser gedoseer, terwyl eerw. Scott die teologiese opleiding verskaf het. Dogmatiek is in sewe hoofafdelings verdeel, nl. God; die Skepping; die Wet en die sonde; die Verlossing; die Saligmaker, wie en wat Hy is; die voorwaardes van Verlossing; die gevolge van Verlossing met betrekking tot die individu, die kerk en die wêreld. Die leergang het ook Eksegese, Homelitiek en Bybelgeskiedenis ingesluit.⁶³

In 1875 rapporteer die Londense Sendingkomitee soos volg in verband met die opleidingskool: „The scheme may appear too profound and elaborate, and perhaps a better plan might have been adopted; but from the summaries of the Divisions, written out by the Candidates, in Sichuan in their note-books, and the answers given by them at successive written examinations, it is clear that the plan pursued has not failed".⁶⁴

Daar is gepoog om die teologiese opleiding so prakties moontlik te maak. Behalwe ander preekbeurte, moes die kandidate ook om die beurt die weeksaanddienste in die naturellekerk waarnem. Hierdie dienste is deur een of albei die blanke leraars bygewoon en die volgende mûre is dan bestee aan kritiek, verbetering en instruksie met betrekking tot die onderwerp wat die vorige aand deur die kandidaat behandel is. In hierdie

61. Brieboek van Warden, 1847-1851, B.R. 2/1, p. 303.

62. *Missionary Reports*, 1873; *South African Reports*, 1882.

63. *Missionary Reports*, 1875.

64. Loc. cit.

verband skryf die Sendingkomitee: „At first the difficulties in the way of progress were very great; but though improvement has only begun — and in that beginning, rejoicing must be with trembling — yet all have received good. Faults — such as vague statement of doctrine, always at hand to be proved by any texts; a preference for curious and mystic passages as texts; a disregard of the context, and the neglect of homely applications and familiar illustration — have been crippled and scotched, if not destroyed”.⁶⁵

Na 1875 word daar niks meer van die opleidingskool verneem nie en dit wil dus voorkom of die inrigting 'n vroeë dood gesterf het; miskien was dit 'n te ambisieuse onderreming. Die dagskool is egter met krag voortgesit en in 1879 het die Sendingkomitee berig dat daar bemoedigend met die werk gevorder word.⁶⁶

In 1880 het eerw. Wesley Hurt leraar van die Bloemfonteinse Wesleyaanse gemeente geword; op 6 Januarie 1881 skryf hy aan die Sendingkomitee in Engeland: „I am at present seeking to secure an eligible piece of ground at Wray Hoek, on which to build a native Minister's house, and, if possible, a new school. I do not see why if we cannot have a Wesleyan day school (English), we should not greatly enlarge our native school and make it somewhat more efficient. I shall do all I can immediately in this direction”.⁶⁷

Wat betref die werk onder die kleurlinge in Bloemfontein skryf eerw. Hurt: „I wish we had a first rate lantern for dissolving views. With this I could draw the coloured people together and give them a series of popular lectures on Bible subjects that would do them good. I am also intending to form a singing class, by means of the tonic sol-fa system, to train the good voices to sing our fine hymn tunes, and you may rely upon my using this opportunity to make Christ and His Gospel more fully known to them”.⁶⁸

In 1883 moes die naturelle-dagskool egter weens gebrek aan 'n gesikte onderwyser gesluit word, dog die werk is die volgende jaar met hernieuide moed hervat,⁶⁹ sodat daar in 1886 gerapporteer kon word: „Tokens of Divine presence and blessing have not been wanting. The Day and Sunday schools are in good working order, and a source of strength to the Church, and of hope for the future . . .”; op een van die buiteplekke in die distrik waar gereeld dienste gehou is, is 'n dagskool met 30 leerlinge opgerig.⁷⁰ In 1887 lui die naturelle-dagskoolrapport: „Our great difficulty arises from the various languages spoken by the people. The discipline is good and steps are being taken for better supervision and management”.⁷¹

65. *Loc. cit.*

66. *Ibid.*, 1879.

67. *Missionary Notices*, vol. iv, 1881, p. 61

68. *Loc. cit.*

69. *South African Reports*, 1884.

70. *Ibid.*, 1886.

71. *Ibid.*, 1887.

Gedurende die volgende jare het die dagskool telkens weer gely as gevolg van die feit dat die naturelle-onderwysers snel verwissel het en daarby in baie gevalle onbekwaam was vir die werk. Ook het die gebruik om leerlinge Engels te leer voordat hul in hul moedertaal kon lees 'n nadelige invloed uitgeoefen.⁷²

Nieteenstaande bogenoemde steurende faktore het die skool tog vordering gemaak. Vanaf 1889 is 'n naaldwerkklas twee keer per week deur eerw. James Scott se dogter gegee, bygestaan deur ander dames. 'n Sangklas het onder leiding gestaan van die heer A. W. Smart van die Greykollege, terwyl eerw. Scott 'n aandklas waargeneem het.⁷³ Die skoolrapport van die jaar 1890werp interessante lig op die moeilikhede waarmee die skoolowerhede te kampe gehad het: „For a few months of the year this school was conducted efficiently and promisingly, but drink ruined the teacher, and since his departure we have not been able to obtain another”.⁷⁴ In 1891 was die skool egter reeds weer in werking, dog tot 1893 het die inrigting in 'n onbevredigende toestand verkeer as gevolg van die gebrek aan 'n bekwarne en pligsgetroue onderwyser.⁷⁵

In 1894 is daarin geslaag om die dienste van 'n bekware naturelle-onderwyser te verkry, en daar word berig: „This school holds a first place for efficiency. The teacher is devoted to his work, and successful in it. The results would be still more gratifying were it not for the difficulty of four languages being used”.⁷⁶ Tot in 1899 was die skool in 'n bloeiende toestand.

3. Die Bloemfonteinse Bewaarskool

Op 7 Julie 1873 is 'n publieke vergadering in Bloemfontein onder voorsitterskap van die heer J. G. Fraser gehou, en eerw. James Scott het voorgestel: „That in the opinion of this meeting the establishment of an Infant School would supply a want existing in the town.” Hierdie voorstel is aangeneem, sowel as die een van die heer G. A. Fichardt: „That a piece of ground be procured for the erection of a Wesleyan Day School Building, to be invested in three trustees, consisting of the Resident Ministers of the Wesleyan and Dutch Reformed Churches, and the Chairman of the Municipality of Bloemfontein for the time being, and in event of any of the above-mentioned gentlemen declining to accept the trust his place shall be temporarily supplied by another elected by the subscribers”.⁷⁷

Die bogenoemde trustees (nl. eerw. J. Scott, ds. G. Radloff en die heer E. C. Hanger) het hul die benoeming laat welgeval en 'n skool-kommisie, wat verteenwoordigend was van al die kerkgenootskappe in Bloemfontein, is soos volg saamgestel: eerw. J. Scott, ds. G. Radloff, dr.

72. *Ibid.*, 1888.

73. *Ibid.*, 1889.

74. *Ibid.*, 1890.

75. *Ibid.*, 1891, 1893.

76. *Ibid.*, 1894.

77. *The Friend*, 10.7.1873.

H. Exton en die here G. A. Austin, F. K. Höhne, O. J. Truter, G. A. Fichardt (penningmeester) en R. Innes (Sekretaris).⁷⁸

Die feit dat die heer Fichardt in sy voorstel melding maak van 'n „Wesleyan Day School Building” is 'n bewys dat eerw. J. Scott van die Bloemfonteinse Wesleyaanse gemeente die hele gees en stukrag agter die daarstelling van die skool was. Dit is dan ook paslik dat hy baie jare lank 'n leidende rol op die skoolkommissie van die skool gespeel het. En hoewel die Bewaarskool nie (soos Fichardt se voorstel laat vermoed) 'n Wesleyaanse kerkskool was nie, maar wel 'n onsektariese privaatskool, het die inrigting die besondere steun en beskerming van die Wesleyaanse Kerk geniet.⁷⁹

4. Die Elizabethstraat-skool

Soos reeds aangetoon, is 'n Wesleyaanse Sondagskoolgebou in 1890 in Elizabethstraat opgerig. Die heer A. W. Smart, voorheen onderwyser aan die Greykollege, het in Julie 1891 'n onsektariese privaatskool in hierdie lokaal geopen, 'n inrigting wat bekend gestaan het as die Elizabethstraat-skool. Hy is bygestaan deur 'n mej. Slater, 'n bekwame onderwyseres uit Engeland.⁸⁰

Die skool is opgerig met die doel om deur medium van Engels onderrig te verskaf aan die kinders van die groot getal Engelssprekendes wat hul gedurende hierdie jare in Bloemfontein gevestig het. Voorsiening is gemaak vir die onderrig van die volgende vakke: Gosdiensonderwys, lees, skrif, rekene, matesis, Latyn, Engelse grammatika en literatuur, Grieks, aardrykskunde, geskiedenis, sang, naaldwerk, liggaamsoefening en Hollands (opsioneel). Die skool is begin met 14 leerlinge, dog teen die einde van die eerste halfjaar was daar reeds 49 name op die register; die skool-gelde het gewissel van R2 tot R4 per kwartaal. Daar was vyf standerds en die leerlinge is ook vir die Elementêre en Skoolhöreksamen van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop voorberei.⁸¹

Die feit dat eerw. J. Scott van die Wesleyaanse kerk as voorsitter van die skoolkommissie gekies is, is 'n bewys dat die skool hoofsaaklik deur kinders van Wesleyaanse kerklidmate bygewoon is. Gedagdig ook aan die feit dat die skoolhoof, die heer Smart, superintendent van die Wesleyaanse Sondagskool was, is dit duidelik dat die Elizabethstraat-skool (hoewel 'n onsektariese privaatskool) onder die vlerk van die Wesleyaanse Kerk gestaan het.

VI. Betekenis van die Gemeente

Die Bloemfonteinse Wesleyaanse gemeente is in die Oranjerivier-Soewereiniteit gestig op 'n tydstip toe dié gebied nog heel aan die begin

78. *The Friend*, 21.5.1874.

79. I. S. J. Venter, *Die Bloemfonteinse Bewaarskool: Die eerste Staatsondersteunde Kindertuin in die Republiek van die Oranje-Vrystaat* (Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika (38, Pretoria, 1962), pp. 10-14).

80. *The Friend*, 10.7.1891.

81. *Ibid.*, 22.12.1891; *Elizabeth Street School Prospectus* (Unbound Papers, B Series II — Anglikaanse Kerkargief).

van sy ontwikkeling gestaan het en daar groot behoefte bestaan het aan rigtende invloede ten goede. Saam met die ander kerke wat gedurende die vyftigerjare van die vorige eeu in Bloemfontein en elders in die Soewereiniteit tot stand gekom het, het die Wesleyaanse gemeente in hierdie dringend gevoelde behoefte help voorsien: die lig van die Evangelie, kennis en kultuur is versprei in 'n gebied wat nog op die daeraad van die beskawing en ontwikkeling gewag het. Die Wesleyaanse gemeente Bloemfontein het dus meegehelp om die grondslae van die latere Vrystaatse Republiek te lê, grondslae wat beslis Christelik in hul wese sou wees. Ook gedurende die Republikeinse tydperk het die Wesleyaanse gemeentes te Bloemfontein en elders hul deel bygedra om kennis, beskawing, godsdiens en kultuur te versprei en het dus saam met ander invloede 'n beslissende rol gespeel in die aanvanklike ontwikkeling en latere ontplooiing van die „Modelrepubliek”.

Die leraars van die Bloemfonteinse Wesleyaanse Kerk het gedurende die tydperk 1850-1900 Woord en Sakrament aan sowel die blanke as nie-blanke gemeente bedien en ook opgetree as superintendent van beide die blanke en die nie-blanke Sondagskool. Hulle het hul aktiwiteite egter nie beperk tot die onmiddellike kerklike kring nie, maar ook aktief deelgeneem aan die breëre bedrywigheid van die Bloemfonteinse samelewing. Behorende tot die klein groepie manne in die Vrystaatse Republiek wat met formele boekgeleerdheid toegerus was, het hulle 'n leidende aandeel geneem nie alleen in verband met die opvoeding en onderwys nie, maar ook ten opsigte van die verhoging van die algemene kulturele en beskawingspeil en die bevordering van openbare sedelikheid. Ook buite die grense van Bloemfontein (en selfs van die Vrystaat) het hulle hul invloed laat geld. So byvoorbeeld was eerw. James Scott by twee geleenthede, nl. in 1892 en weer in 1897, voorzitter van die Suid-Afrikaanse Wesleyaanse Konferensie (Algemene Sinode).

Die Bloemfonteinse Wesleyaanse gemeente het hom besonderlik vir die opvoeding beywer en dan ook tot 1900 (en daarna) 'n betekenisvolle bydrae op hierdie gebied in die Vrystaat gelewer. Die Wesleyaanse leraars en lidmate van Bloemfontein het 'n belangrike rol gespeel in verband met die oprigting en beheer van die volgende opvoedingsinrigtings vir blankes: (a) Die Damesinstituut „Eunice”, die groot dameskool wat in 1876 in Bloemfontein geopen is; (b) die Bloemfonteinse Bewaarskool (1874), die eerste staatsondersteunde kindertuin in die Republiek; (c) die Elizabethstraat-skool wat in 1891 in die Wesleyaanse Sondagskoollokaal begin is. Ook deur middel van sy lewenskragtige Sondagskool vir blankes het die Wesleyaanse gemeente waardevolle dienste gelewer, nie alleen ten opsigte van godsdiensonderwys en die verhoging van die algemene sedelike peil nie, maar ook ten opsigte van die opleiding van toekomstige Sondagskoolonderwysers. Daarby kom dat die gemeente dwarsdeur die tydperk onder behandeling te alle tye sy morele steun aan die saak van die opvoeding verleen het en voortdurend gepoog het om opvoedingswerk, van watter aard ook al, in Bloemfontein en elders kragtig te bevorder.

Ook ten opsigte van sending-, evangelisasie- en opvoedingswerk onder die nie-blankes het die Bloemfonteinse gemeente sy invloed laat geld. Reeds vanaf 1850 is die naturelle in die Waaikoeklokasie geestelik bearbei, eers deur die blanke inwonende Wesleyaanse leraar en later deur naturelle-evangeliste en -lekepredikers. In ooreenstemming met die doel wat die Wesleyaanse Kerk hom ten opsigte van die werk onder die nie-blankes gestel het, is daar gepoog om die goddelike opdrag te vervul — „Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies . . .” (Matt. 28:19) — en om die lig van die Godsopenbaring onder die nie-blankes in te dra en onkunde, bygeloof en onbeskaafheid te bekamp. Nie alleen is sekulêre onderrig in die dag-, Sondag- en opleidingskool vir nie-blankes verskaf nie, maar daar is in al drie hierdie inrigtings ook besondere nadruk gelê op godsdiensonderwys. Inderdaad, die Bloemfonteinse Wesleyaanse gemeente het gedurende hierdie jare hul deel daartoe bygedra om die fondament van die Christendom, van die beskawing en van die intellektuele ontwikkeling by die nie-blanke te lê.

Nie net die leraars nie, maar ook 'n groot aantal van die individuele lidmate van die Bloemfonteinse Wesleyaanse gemeente het waardevolle dienste aan die Vrystaatse Republiek op godsdiestige en talle ander terreine van die samelewing gelewer. 'n Treffende voorbeeld is die Collins-gesin wat vir baie jare tot die mees vooraanstaande lidmate van die Wesleyaanse gemeente in die hoofstad behoort het. Afkomstig uit die noord-oostelike Kaspkolonie, het hulle hul in 1851 te Bloemfontein gevinst waar W. Collins aangestel is as goewermentsonderwyser, posmeester en beëdigde vertaler. Sy seun, W. W. Collins, het 'n belangrike rol in die geskiedenis van die Vrystaatse Republiek gespeel en was op verskillende tye onder andere staatsprokureur, waarnemende veldkornet, offisier van die „Bloemfontein Rangers” (die vrywilligerkorps wat in 1857 in die lewe geroep is en gedurende die Basoeto-oorlog waardevolle dienste gelewer het), trustee van die Verenigde Bloemfonteinse Kapitaalbank, baie jare lank Volksraadslid vir Bloemfontein, waarnemende ouditeur-generaal en lid van die volgende liggame: die eerste Bloemfonteinse stadsraad (1859), die eerste Regs-eksamenraad (1862), die eerste skoolkommissie van die Damesinstituut (1874) en die eerste Vrystaatse Appèlhof (1874); daarbenewens was hy voorsitter van die Volksraadskomitee wat die regering moes waarneem tydens president Brand se siekte in 1872 en sy oorsese reis in 1876.⁸² Naas die Collins-gesin was daar ook 'n ry ander Wesleyaanse lidmate wat op 'n verskeidenheid van gebiede betekenisvolle bydraes gelewer het. In 'n artikel wat in 1950 in die eeufeesbrosjyre van die Bloemfonteinse Wesleyaanse gemeente verskyn het, wys eerw. C. E. Wilkinson op die invloed van eerw. James Scott, en voeg daaraan toe: „In his first congregation (1871) there were names still honoured in the city: Fraser, Austin, Brebner, Smit, Fichardt, Raaff, Hepburn, Crawford, Collins, Holmes . . . From his con-

82. Hierdie gegewens is verkry uit die reeds genoemde werk van W. W. Collins oor die vroeë geskiedenis van die Vrystaat, nl *Free State Reminiscences of a Lifetime in the Orange Free State*.

gregation too came the first Mayor of Bloemfontein, Councillor R. Innes".⁸³

Vir baie jare het die Bloemfonteinse Wesleyaanse gemeente 'n geestelike en kerklike heenkome gebied aan persone wat tot ander gesindtes behoort het, maar nog nie oor die dienste van 'n eie leraar beskik het nie (byvoorbeeld die heer John Brebner, die Direkteur van Onderwys, wat 'n Presbiteriaan was) of wat hul nie tuis gevoel het in ander bestaande Bloemfonteinse gemeentes nie (byvoorbeeld die Kongregasionaliste).

Die stigting van die Bloemfonteinse gemeente het die impetus verskaf vir die stigting van Wesleyaanse gemeentes dwarsoor die Vrystaatse Republiek. Net soos die Bloemfonteinse gemeente, het ook hierdie plattelandse gemeentes deur middel van die leraar, die kerkrAAD, die Sondagskool en ander kerklike liggeme bygedra tot die verspreiding van kennis en kultuur in 'n gebied waar die bevolking in isolement en dikwels in onkunde geleef het.

Opsommenderwys kan dus opgemerk word dat die Bloemfonteinse Wesleyaanse gemeente gedurende die laaste vyftig jaar van die vorige eeu 'n diepgaande en uiters heilsame invloed uitgeoefen het op die godsdienstige, sedelike, kulturele en opvoedkundige lewe van die Oranje-Vrystaatse Republiek. Tydens die opening van die nuwe kerkgebou in 1929 het die heer J. Stuart Franklin, wie se vader leraar van die gemeente was vanaf 1897 tot 1903, dan ook met reg gewys op die „great and glorious traditions of the past“ en met verwysing na die toekoms van die kerk die hoop uitgespreek „that it will be a beacon light set upon the hill, that it will be spiritually inspiring and invigorating to those who will be in the habit of gathering within its walls, that its beneficent and quickening influence will radiate far beyond the confines of the Methodist congregation and that in common with its sister-churches it will be a transcendent blessing to the town . . . “.⁸⁴

Prof. I. S. J. Venter.

83. Wilkinson, *op. cit.*, p. 19.

84. *Ibid.*, p. 24.